

AFDELING B NAGRAADS

MPhil-PROGRAM IN HIPERMEDIA VIR TAALANLEER

Kode: 54143 - 877(240) (NKR 8a: 100% tesis/rekenaarprojek) (NB)

Toelatings- en keuringsvereistes

'n Student kan, op skriftelike aansoek deur die Senaat, of deur die Uitvoerende Komitee handelende namens die Senaat, tot die tweejarige MPhil program toegelaat word, indien hy/sy –

- óf in besit is van 'n B-graad met 'n taal as hoofstudierigting;
- óf 'n taal tot op tweedejaarsvlak geneem het plus 'n onderwyskwalifikasie het wat die betrokke taal se vakdidaktiek insluit;
- óf bevoegdheid in 'n vreemde taal op basisvlak (bv. Zertifikat Deutsch) of ekwivalent het;
- óf 'n ander graadkwalifikasie het wat deur die Senaat as gelykstaande aan sodanige B-graad aanvaar word.

Basiese rekenaargeletterdheid is 'n addisionele toelatingsvereiste. Hierdie kursus is onderworpe aan keuring. (Besonderhede is op die webblad beskikbaar.) Die keerdatum vir aansoeke is 30 November van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur en -inhoud

Aard van program

Die program behels 'n studie van en opleiding in rekenaargesteuende taalpedagogiek binne die wye veld van opvoedkundige hipermedia. Dit maak studente vertrouwd met relevante konsepte, beginsels en tegnieke en stel hulle in staat om hipermedia-toepassings vir die aanleer van 'n taal krities te evalueer, te ontwerp, te ontwikkel en te lewer. Die program kan óf residensiële of modulêr gevolg word.

Uittreepunt

Studente wat module 771 suksesvol voltooi kan op skriftelike aansoek met 'n generiese BPhil-graad in die Lettere uittree.

Module-uiteensetting

Eerste jaar

Verpligte module

10176 Konsepte, beginsels en tegnieke (Hipermedia) 771(120) (E)

Tweede jaar

Verpligte module

10177 Tesis/Rekenaartoepassing (100%) 872(120)

Assessering

Module 771 word d.m.v. werkopdragte en eksamens geassesseer. Module 872 word volgens die Universiteit se bepalings vir magistergrade geëksamineer.

Navrae

Programkoördineerder: Mev RO du Toit

Tel.: (021) 808 2050

E-pos: rdt@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/forlang/mphil_hyll